STELENA VLEISMERINO TROTS

STELENA

NUUSBRIEF 1/2016

"Reserveer die datum"

Ons groet u al ons bestaande en nuwe kliënte vir 2016. Ons hoop dat dit goed sal gaan verder in die jaar te midde van 'n droë seisoen veral in die westelike dele.

Die jaar het al weer aangestap en eersdaags is dit weer ons voorreg om ons volgende jaarlikse Produksieveiling aan te bied en wel op 25 Mei 2016.

Elke nuwe lamseisoen bring sy eie verrassings met mooi lammers en die resultate van noukeurige seleksie. Dit is van hierdie materiaal wat ons met trots weer beskikbaar stel aan u; die kommersiële- en stoetteler.

Ons diere word nie opgepiep nie en dit was nog altyd lekker om te hoor dat hulle net mooier word waar hulle ook al heen gaan.

Ons nooi u weer vanjaar na ons **9de Produksieveiling** op **Woensdag, 25 Mei 2016 om 11h00** op die plaas **Nooitgedacht, Oranjeville**, waar ons sal aanbied:

- **100 Jong kommersiële ooie; geskandeer vir dragtigheid.**
- **20 Stoetooie; dragtig van ons beste jong stoetramme.**
- **40 Geregistreerde ramme; waaronder potensiële stoetramme.**

Reserveer solank die datum en ons sal u graag hier wil ontvang!

Manie & Alta Lombard

Nooitgedacht
PO Box 123
Oranjeville
1995

083 232 4324
manie@stelena.co.za
www.stelena.co.za